GENERAAL HERTZOG VOORTREKKERKOMMANDO
GGA - SPESIALISASIEDAG: 4 Mei 2019 en #ABO

WAAR **Laerskool Voorpos (of soos gemeld by *) PARKERING** In Cunninghamlaan – Motorwagte is op diens – Onthou asb 'n fooitjie!! Cunninghamlaan 1354, Waverley, Pretoria (*skakel vir aanwysings indien onseker - Mona 072 5622 985 of Janice 083 3008 960*

REGISTRASIE **Let asb op** verskillende tye om verskillende ure te akkommodeer
Registreer by aparte kursusaanbiedingsplekke volg asb. aanwysings by hek

Sertifikate word oorhandig aan slegs **een aangewysde Offisier** per kommando.

PD SPESIALISASIES

GRAAD	SPESIALISASIE	WAAR HOE LAAT	SAAMBRING	KOSTE
Gr 1	Jnr Kok (A) (slegs 30)	Voorpos Laerskool Registreer 7:30vm verdaag 14:00	Sien aparte lys	**R135-00** wat insluit die kos wat hul self maak in die kursus vir middagete
Gr 2	Dierewaarneming (A) (slegs 50)	Voorpos l Registreer 7:30 verdaag 14:00	**Prente** van 5 insekte, 5 wilde diere, 5 voëls en 'n leë **A3 of groter plakkaat per span** om saam 'n plakkaat te kan maak, meer as 1 vir groter as so 6 in span • **'**n Gewone papierbord. • potlodesakkie, inkleurpotlode, koki's, gom, skêrtjie, enigiets ekstra wat jy het, om plakkaat te versier**.**	R135 sluit middagete in moet keuse aandui op inskrywing
Gr 3	Spoorkennis (B) (slegs 60)	Langs bib. Oorkant Voorpos Registreer 7vm verdaag 16:30	NB 'n **waterbottel** om saam te dra, ekstra 2liter water word aanbeveel vir bergstap NB trek stewige **veldstapskoene** aan, hoed, sonbrandmid-del, Jou pille as jy **allergies** is vir bysteek, jou asmapompie, Salfie vir insekbyt, bietjie pleister per span vir moontlike klein ongevalle op staproete	R135 sluit middagete in moet keuse aandui op inskrywing
Gr 4	Gestremdhede (B) (slegs 50)	Voorpos - Registreer 7vm verdaag 16:30	Potlodesakkie met skryf en inkleurgoed , papierskertjie, pritt 'n Bybel vir elke kind	R135 sluit middagete in moet keuse aandui op inskrywing
#Gr 4	*Anglo Boere Oorlog (B) DATUM 18 MEI (slegs 50)	NB sien aparte inligtingstuk* Fort Schanskop Registrasie 7:00vm	Aparte Inligtingstuk	R100.00 – moet eie middagete **saambring**

Gr 5	Delwerye (B) (streng slegs eerste 60)	Registreer 7vm verdaag 16:30	•ou karton, boksies, toiletrolletjies, stokkies, strooitjies ens om model van delwersdorpie (amper soos plakkerskampies) mee te bou tydens kursusperiodes, pot-lodesakkie, inkleur-potlode, koki's, gom, skêrtjie, enigiets ekstra wat jy het, om te help om bg. aanmekaar te sit	R135 sluit middagete in moet keuse aandui op inskrywing
Gr 5	*Godsdiens (B) (slegs 50)	Registreer 7vm verdaag 16:30 Godsdiens registreer en aanbieding by: *Ned. Hervormde kerk Oos-Moot, Moregloed (Waverley) -- Collinslaan 1265, Hoek van Japonica en Collins, Japonica loop dood teen Collins - , ander naaste straat Haarhoffstr Oos -- kerk met lang wit toring (Engelse kerk op ander hoek)	•Elke kind sy eie **Bybel** saambring •**VEREISTE 3** – INLIGTING PER SPAN saambring oor Bybelse dorp, bekende Bybelse persoonlikheid, meer of see, berg of rivier uit Bybel •**VEREISTE 6** – Item per span saamstel om op te voer – baie kort 2min. wat 'n reel van die Voortrekkerkode in 'n Bybelverhaal vervat. •**Tuis:** Geleentheid skep vir Godsdiens lei by 'n byeenkoms bv. Oggend- of aandgodsdiens op 'n span-/kommandokamp **ens.**	R135 sluit middagete in moet keuse aandui op inskrywing
Gr 6 mag enige van	**gr 5 spesialisasies**	**doen ** **		
***VERKEN-NER-**	**SPESIALISASIES:**	Sien aparte inligting rakende aanbiedingsplekke, tye van registrasie en saambring / voorbereiding vir elke Verkennerspesialisasie	Sien aparte inligting	
Fotografie	NB Fotografie (slegs 20 persone)	registrasie *al Vrydagaand 18:00* ** ***@kerk soos hierbo****	Sien aparte inligting	R145-00, wat Sat ontbyt en middagete insluit
Manne/ Vroue uit die Bybel		***@ook by kerk soos hierbo****	Sien aparte inligting	R135-00 inskrywingsfooi sluit middagete in
Brandweer	(streng net eerste 30) **Tyd: Registrasie: 07:30 Verdaag: 15:00**	***@Brandweerstasie* Plek: Innesdal Brandweerstasie h/v 14de laan en Ben Swartstraat Gezina Pretoria**	Notaboek en skryfgoed	R100 – moet eie kospakkie saambring

SAAMBRINGLYSIES
Neem asb kennis dat daar by sekere spesialisasies saambringlysies is. Bestudeer asb die **aparte** inligting (P/D **en** Verkenners) hieromtrent en sien toe dat dit asb saamgebring word, sodat die spesialisasie sinvol afgehandel kan word.

KOSTES
R135-00 per jeuglid wat insluit : Middagete, 'n Sertifikaat met kenteken, pouse koeldrank.
Middagete : bestel asb op inskrywingsvorm. Belangrik - dui keuse aan
JNR KOK betaal ook R135.
ABO net R100 hul moet eie kospakkies saambring.
R35 per volwassene middagete ingesluit bestel op inskrywingsvorm, gratis tee/koffie heeldag beskikbaar slegs vir volwassenes. **Volwassenes en -** Kursusgangers wat ABO- en Brandweerkursusse bywoon wat weg is van LS Voorpos moet asb hulle eie kospakkie pak – daar is ook nie 'n snoepie by die 'wegplek' nie. Daar is ook nie tee / koffie by die "weg" aanbiedingspunte nie, volwassenes hoef dan nie die R35 te betaal nie, pak asb eie.

ETES VIR BUITEGROEPE - NB SIEN ABO Jnr. aparte inligtingstuk! Maak seker ouers neem kennis!! Ook Verkenners sien asb. aparte inligtingstukke vir elke spesialisasie!

SLUITINGSDATUM ***STRENG voor of op 25 April 2019*** **-** ***GEEN INSKRYWING SAL DAARNA AANVAAR WORD NIE, Na 20:00 op 25 April word die inskrywings teruggestuur en gelde terugbetaal. GEEN NUWE INSKRYWINGS EN/OF VERANDERINGS EN/OF OMRUILINGS WORD OP DIE SPESIALISASIEDAG SELF AANVAAR NIE Indien omruiling a.g.v. siekte of baie spesiale omstandighede moet gebeur, sal 'n addisionele R10 gehef word vir die uitreik van 'n nuwe sertifikaat.***

INSKRYWINGS
Elke SPAN moet 'n aparte inskrywingsvorm voltooi. (Moet asb nie dat mammas losstaande, aparte inskrywings en betalings doen nie!) Span betaal een bedrag in.
Bewys van spaninbetaling moet asseblief deur gefaks/ge-epos word.
GEEN INSKRYWING sal sonder bewys van inbetaling aanvaar word nie.

BELANGRIK
Sertifikate word uitgemaak volgens die spelling op die inskrywingsvorm, maak dus seker hoe kinders se name gespel word. Gebruik asb drukskrif en maak seker dit is leesbaar.
Lidnommers moet ingevul word op inskrywingsvorm vir Sertikaat doeleindes
GEEN sertifikaat word oorgedruk indien inskrywing nie duidelik was nie,

Die jeuglid moet die VOLLE duur van die dag teenwoordig wees. Die kursus mag nie onderbreek word vir ander aktiwiteite nie, indien dit wel gebeur sal die afdeling waarby die kind nie teenwoordig was nie, as onafgehandel beskou word en die sertifikaat kan dan nie uitgereik word nie omrede die spesialisasie dus nie volledig afgehandel was nie. Teenwoordigheidskontrole sal deurentyd tydens kursustyd gehou word.
Indien regtig nodig, kan 'n **voorafreëling** voor sluitingsdatum met Mona 072 5622 985 gemaak word.

INBETALINGS

Bank:	ABSA BANK
Rek no:	91 0289 5457 (SPAAR)
Takkode:	63200500
Rek. Naam:	Voortrekkers Generaal Hertzog
VERWYSING:	*Afkorting/volle naam van kommando & spannaam*
	Bv. Noordpos – Dolfyne

NB VOLWASSENES
Elke kommando **moet** asb. ten minste een volwassene vir elke 10 kinders **of een per kleiner span** voorsien om **saam met** hulle te beweeg en word versoek om **deurentyd asb met dissipline en aanbiedings** te help om die taak van die aanbieders te vergemaklik. Elke kommando moet by die kursus waar daar van sy kommando se kinders is, 'n volwassene afvaardig om die kinders te ondersteun, al is hul net bv. twee – stuur 'n mamma of pappa asb. as offisier nie self kan nie. Aanbiedingspunte is versprei en kinders raak verlore….

Maak seker dat kinders weet saam met wie hul terugreis. Let asb daarop dat nie al die kursusse dieselfde tyd klaarmaak nie en ook nie op dieselfde plek aangebied word nie! Sien aparte inligtingstukke asb.

Maak asb seker dat spanlede wat bv. allergies is vir bysteek of asma het, hul medikasie aan hulle dra te alle tye. Daar sal gewone Noodhulptassies vir kleiner/minder ernstige beserings by elke spesialisasie-punt wees.

Indien u by enige van die spesialisasies as mede-aanbieder betrokke wil wees of aanbiedingsidees en/of -materiaal met ons wil deel, laat weet ons so gou moontlik. (Mona 072 5622 985)

EVALUERING van GGA:
Gebiedskomitee P/D Sake versoek dat elke offisier/meeloper asb. die aparte GGA 4 Evalueringsvorm moet invul (elektronies kan ook gebruik word.)

KLEREDRAG vir kinders en volwassenes:
Korrekte Aktiewe Voortrekkerdrag volgens reglement, maak ook seker dat kinders regte kleur - Voortrekkerblou - warmdrag aantrek. Slegs *gr 1 en 2 wat dalk nog nie Voortrekkerdrag het nie, mag* spandrag aantrek. **SNOEPIE** Daar sal heeldag 'n snoepie beskikbaar wees (maar nie by 'buite' aanbiedingsplekke nie). (Behalwe oor middagete sodat kinders eers hul kos kan eet) Onthou dus die sakgeld.

INSKRYWINGSNAVRAE: Janice 083 300 8960 en faks 012 331 1730 janice@letsxplore.co.za

SPESIALISASIENAVRAE Mona du Plessis 072 5622 985 - mona@ddpvervoer.co.za